Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

April 2008
Jaargang 101 Nommer 1

In hierdie uitgawe

- Bl 1 — Leef die opgestane Heer in en deur ons? (Dr Christo van der Merwe)
- Bl 2 — **Van die redakteur, prof Piet Geyser:** Kruis en opstanding, gesterf en opgewek
  Baie geluk!
- Bl 3 — Redaksie 2008
- Ble 4-5 — **Op die kerkwerf**
  Barmhartig dra ons die Blye Boodskap uit (Ds David Barnard)
- Bl 6 — **Wat kerknuus aanbetref**
  10de Konvent van Reformatoriese Kerke 2008 (Dr Wim Dreyer)
  Teologiestudente soos op 31 Desember 2007
- Bl 7 — **Gespreksforum**
  Karl Barth en die histories-kritiese metode van eksegese (Prof Ben Engelbrecht)
  Die kerkskuld is afgelos maar wat nou? (Mnr Kobus Viljoen)
- Agterblad **Oordenking**
  Laat u koninkryk kom! (Dr Gerhard Lindeque)

Leef die opgestane Heer in en deur ons?

Dr Christo van der Merwe stem ons tot nadenke:

Die evangelie gaan daaroor dat gelowiges die lewende Here in hulle ontdek. Hulle ontdek, die Here vertoon Hom ook dáár waar mense hulleself vir ander gee deur ’n hongerige te voed, ’n naakte te klee, ’n gevangene te besoek (Matt 25: 31-40) of ja, waar hulle langs ’n moordenaar hang. Ja, die Here leef, want elkeen wat glo, sien Hom, soos een wat met jou saamloop soos Hy met die Emmausgangers saamgeloop het, of soos ’n hongerige of naakte, ’n sieke of gevangene!

Vir die Christene is die opstanding van Jesus Christus die waarmerk dat Jesus Christus die lewende Here is. Maar ons moet ook besef die tragiese teendeel is ongelukkig net so waar. Net ons, mense wat met die mond bely ons glo, kan die opgestane Here onsigbaar en daarom vir die wêreld ‘dood’ maak. Dit is nie verniet nie dat die Woord van God ons *liggaam van Christus* noem. Ons wat elke Sondag getrou met die mond bely dat ons glo dat die Here lééf, moet altyd ook bereid wees om die hand in eie boesem te steek en onsself af te vra: Wat is ons aandeel dat die ‘wêreld daar buite’ voortdurend aan dié Heer twyfel van wie ons bely dat Hy leef? Inderdaad, as die Here werklik opgestaan het, moet Hy tog iewers sigbaar wees. As Hy dus nie in my as gelowige lééf nie, waar moet die mense Hom dan sien?

Prof Piet Geyser vra in sy redaksionele berig of ons uit die genade (die kruis) leef, maar ook uit die oorwinning oor sonde en dood (die opstanding).

Sonder die opstanding sou ons bitter min van die betekenis van die kruis verstaan het. Deur die opstanding word dit duidelik dat Jesus Christus waarlik die Seun van God en Verlosser is (Rom 1: 4). Die opstanding is die bevestiging van sy oorwinning en ons het nou daaraan deel gekry deur die geloof!

In hierdie uitgawe van *Die Hervormer* wil ons iets van die verskuiwing van hart en denke bevorder. Hoe beïnvloed die opstandingskrag wie ons is en hoe ons lewe? Word iets van hierdie oorwinning oor sonde en dood ook in ons lewens sigbaar? Getuig ons totale kerkwees dat ons glo die Here leef?

Wat lê in die hart van ons verkondiging en hoe dit ook weer tot uitdrukking kom in die lewe van die gemeente? Getuig ons boodskap en ons diensbaarheid dat ons die mense is wat leef uit die genade (die kruis), maar ook uit die oorwinning oor sonde en dood (die opstanding)? Leef die Here in ons en ook deur ons in die wêreld?